# NAMIBIË en FACES of the NAMIB-TOER
# Julie 2012

Ek is die laaste voertuig in die konvooi en sit in my Pajero en kyk na die hoë duin voor my. Ek besef dat ek moet nou oor want daar is nie 'n alternatief nie. Ek kon nie met die eerste probeerslag slaag nie omrede die voertuie voor my die sand goed omgedolwe het met hulle probeerslae asook 'n vassit deur 'n ander voeruig het baie daartoe bygedra dat die sand nou baie los is.

Die tweede poging op die alternatiewe oorkom plek het ook nie uitgewerk nie omrede ek die versnelling 'n fraksie te vroeg gelos het en ek op die kruin van die duin vasgehak het. Jakkals moes my toe aftrek en ek moes weer al die pad na onder in trurat ry. Die sandry ervaring is baie nuut vir my en met baie raad en aanmoediging oor die radio weet ek die tyd vir foute is nou verby en ek nou moet slaag met die poging.

Die Pajero se sentrale difflock is gesluit en met die voertuig in lae strek, begin ek versnel teen die duin uit. Ek sien die kruin nader kom en dan wegraak onder die neus en al wat ek kan sien is die blou lug. Dit is nogal baie skrikwekkend maar uit die vorige ervaring weet ek dat ek nou my voet op die brandstof moet hou. Ek kyk regs na my vriende wat op die duin se kruin staan en gebruik hulle as merkers. Ek sien ek is nou in lyn met hulle en voel die Pajero se neus sak en ek besef ek kan nou minder versnel en ek is oor. Wat 'n verligting en nou kan ons verder deur die Namib se duine toer.

**Nou waar het alles begin?**

Reeds meer as 'n jaar gelede het Johannes inisiatief geneem om 'n *FACES OF THE NAMIB*-toer by URI Adventures vir 'n vriendekring te bespreek en ons word toe ook uitgenooi om lid van die uitgesoekte groep van ses voertuie te wees.

Na baie oorweging van die alternatiewe besienswaardihede rondom die Faces of the Namib toer as gevolg van die beperkte tyd beskikbaar is 'n roete uitgewerk. Verdere detail beplanning ten opsigte van verblyf en paaie het gevolg. Die beplanning en aanskaf van Gondwana kaarte, eie tent, nuwe dubbelbed-opblaasmatras, warm slaapsakke met 'fleese' voerings, en kamptoerusting het gevolg. Verdere selfdoenprojekte soos 'n paklaai wat ingebou is in die Pajero, die uithaal van die agtersitplekke om meer pakruimte te kry vir ekstra diesel en water het gevolg. 'n Dakrak is opgesit vir ligte vragte, o.a. hout. Ons paspoorte het ook verval en met nuwes in ons hande is ons reg.


Die eetkamertafel het die kern van "warroom" gevorm om die detail beplanning te kon doen tot groot frustrasie van Isabel.

Die sentrale tema vir die besoek was die 5 dae in die Namib – "The Faces of the Namib" saam met Uri Adventures. Ons het net 16 dae gehad en ons moes deeglik dink oor wat ons kan doen en nie kan doen nie. Die finale plan was toe:

- Dag 1 – Pretoria na Upington
- Dag 2 – Upington na Canon Mountain Lodge
- Dag 3 – Canon Mountain Lodge via die Visrivier Canyon na Klein Aus Vista
- Dag 4 – Klein Aus Vista na Duwisib Castle via die D707
- Dag 5 – Duwisib na Sesriem
- Dag 6 – Sesriem met 'n besoek aan Sossuvlei en Dooievlei, na Solitaire

- Dag 7 – Dag 1 Faces
- Dag 8 – Dag 2 Faces
- Dag 9 – Dag 3 Faces
- Dag 10 – Dag 4 Faces
- Dag 11 – Dag 5 Faces wat eindig in Walvisbaai
- Dag 12 – Swakopmund
- Dag 13 – Gobabis
- Dag 14 – Kang
- Dag 15 - Tuis

So lekker soos die voorbereiding was, het  die tyd aangebreek om te vertrek.





**Saterdag 30 Junie 2012**

Sommige van die Namib toergroeplede het reeds vertrek en ons volg 'n alternatiewe toer tot by Solitaire. Ons loop die storie vooruit. Roelof (effens grieperig) & Isabel vertrek 7h15 vanaf Pretoria via Potchefstroom (waar ons ontbyt eet saam met 'n vriendin), Klerksdorp, Wolmaransstad, Schweizer Reneke, Vryburg, Kuruman, Olifantshoek en dan kom ons uiteindelik om 18h10 in **Upington** aan. Die pad tussen Wolmaransstad en Schweizer Reneke is in 'n skokkende toestand. Dit bestaan uit slaggate met 'n bietjie pad daarom,

Ons oornag by die **Le Must Residence**, Budlerstraat. Ons kyk op DSTV na Superrugbywedstryd te Loftus, Pretoria tussen Bulls (40) vs Cheetahs (24). Dit sal ons laaste TV wees totdat ons Gobabis bereik. Ons kla glad nie daaroor nie – beide die TV en die uitslag.

**Sondag 1.07.2012**

Ons vertrek, na heerlike nagrus en met Roelof sonder 'n stem, om 7h00 vanaf Upington na Canon Mountain Lodge en Namibia. Die versamelvoëlneste wat lyk soos sambrele op telefoonpale, fassineer ons. Ons beleef die sonsopkoms oor die Noord Kaapse vlaktes. Wat 'n voorreg. Later die oggend stop ons langs die pad om vars koffie te maak.





Ons verlaat Suid Afrika deur die Nakop grenspos. Die Namibië grenspos is 10 km verder en dit neem 'n halfuur om deur al die kanale te gaan. By die grenspos word ons bedien in ons soetste taal – Afrikaans (wat 'n groot verrassing). Ons motor word nie deursoek nie, maar ons het die eerste stempels in ons nuwe paspoorte ontvang.

Die Namibiese omgewing word afgewissel tussen plat bossies, grasvlaktes en koppies met swart, asof verbrande klippe. Die eerste dorpie wat ons bereik is Karasburg en koop by die Spar kaas, joghurt, eiers, spek, maar geen brood en skaapvleis is beskikbaar nie en koop maar net wors. Ons vul diesel aan teen N$10.74 per liter teen baie dieselfde prys as in RSA. 'n MTN Namibia SIM-kaart word aangeskaf (N$20) en lugtyd gekoop (N$80) vir latere SMS'e. Ons neem die pad na Grünau, draai op die Noordoewerpad vir 'n baie kort stukkie en neem dan die C12 na Ai-Ais en die Canon Mountain Camp. Ons sien ook die eerste gemsbokke en volstruise.




Ons stop by die **Canon Road House** met talle ou voertuie (sommige dien selfs as kaggels) in die Gondwana Canon Park (ongeveer 112 000 hektaar) en 14 km van die toegangshek tot die Visrivier Canyon. Die Canyon moet egter wag vir more. Roelof geniet hamburger en Isabel tuisgemaakte lasagne en Roelof geniet ook sy eerste TAFEL in Namibia en die ete word afgesluit met  koffie en hul bekende Amarula kaaskoek.





Ons oornag die aand by **Canon Mountain Camp** (26 km van Visrivier Canyon) wat bestaan uit ‛n en-suite kamer met gemeenskaplike kombuis/eetkamer en braai-lapa. Dit is aan die voet van ‛n doleriet-koppie van waar ons ‛n 360° uitsig het en waar ons, vergesel van die inwonende kat, die sonsondergang afwag met kokerbome in ‛goud' gehul. Die kameras werk oortyd. Ons ontmoet ook David & Anna, nou van Kaapstad, maar oorspronklik van Engeland en Barcelona. Ons braai aand saam met hulle (op ‛n gedeelde vuur) en eet/kuier in gesamentlike eetkamer.

**Maandag 2.07.2012**

Ons moet gewoond raak dat Namibië tyd een uur na RSA tyd is en ons horlosies word reggestel. Ons vertrek om 6h15 na **Canon Mountain Lodge** (6 km weg op ‛n twee spoor paadjie) vir ‛n heerlike buffet-ontbyt met vriendelike diens en weer eens in Afrikaans.

Die sinkplaatpad na die Visrivier Canyon se Hobas-toegangshek (N$75 pp) bepaal dat ons teen ‛n laer spoed moet ry en dan nog ‛n verdere 10 km rit na die hek is nodig voordat ons die uitkykpunte oor die Visrivier Canyon bereik. Die Canyon is asemrowend en ons sien hoe ‛n stapgroep van elf lede in die canyon afdaal. Ons is maar baie bly ons het ‛n voertuig. Ons spandeer meer as twee ure by die uitkykpunte en kon nie genoeg van die uitsig kry nie.










Ons moes egter vertrek na Aus en ons verblyf die aand. Oppad kom ons 'n Pajero tee wat 'n agterwiel verloor het. Ek maak 'n nota in my kop om gereeld my banddruk na te gaan. Die besluit sou later dividende afwerp. Verder sien ons springbokke en 'n spoorwegbrug met pragtige staalwerk oor !Gab-rivier met grafte van twee Duitsers († 1906) onder die skadubome, asook 'n kalkoond by die Holoog stasie.  Die rivier en stroompies name in Namibia is baie oulik maar het geen benul hoe om dit uit te spreek nie. Teen vroeg middag stop ons by die Seeheim Hotel (waar daar 'n mak gemsbok saam met hoenders in 'n hok is) vir 'n lafenissie en bene rek.




By Seeheim vind ons 'n T-aansluiting van B4-roete met Keetmanshoop na regs en Luderitz na links – nou weer teerpad wat tussen koppies met klipriwwe en wye plat vlaktes met klein bossies en klippe, vleg. Ons word beloon met pragtige wuiwende grasvlaktes omsoom met berge. Die goue winterkleure word beklemtoon deur die son.

Die middag kom ons aan in Aus waar ons by die Namib Garage met diesel volmaak (@ N$10.55 pl). Die dorpie het sy eie aantrekkingskrag met geboue soos die Kerkie, Bahnhof Hotel, Restaurant en 'Take away'.

Later is ons by Klein Aus Vista. Reën vroeer die jaar (147 mm) het die vorige ingang weggespoel en nadat ons die nuwe ompad gevolg het, boek ons in by Desert Horse Inn se vriendelike ontvangs gaan ons in nommer 1 tuis.

Nadat ons afgepak het ry ons 'n verdere 10 km na Garub (op pad na Luderitz) waar die wilde perde gewoonlik water drink en ons kry 'n groot verrassing met 'n tiental perde wat in die parkeerarea by die uitkykpunt is. Vir 'n kort rukkie het ons die perde vir net vir onsself. Ons beleef 'n ongelooflike intieme interaksie met die perde. Dit is moeilik om te dink dat hulle wild is. Op pad terug beleef ons nog 'n pragtige sonsondergang an die weste en die volmaan aan die ooste.




Later die aand kuier ons in die sitkamer en geniet buffetete vir aandete.

**Dinsdag 3.07.2012**

Ons geniet vanoggend 'n lieflike uitsig uit die gerieflike kamer met opkomende son wat die rotse 'inkleur'. Na 'n heerlike nagrus en 'n warm stort met sonverhitte water, geniet ons 'n rustige ontbyt. Na die ontbyt moet ons gou stop by Aus vir herstel van 'slow puncture' op een van die wiele. Die oorsaak was 'n stukkie draad en teen 9h00 oppad na Duwisib Castle via die C13 en D707.




Laatoggend draai ons af op roete D707 met berge regs van die sinkplaatpad en rooi duine aan linkerkant wat gedeeltelik deur gras bedek is. Ons sien onder andere gemsbokke, volstruise, Ludwigspoue en sekretarisvoëls. Die rit word onderbreek met stoppe langs plaashekke met kilometers lange grensdrade, vir weereens varsgemaakte koffie. Die oneindige stilte wat die geritsel van pragtige uitgestrekte graslandskap om ons en knarsende gruisklippies onder ons skoene beklemtoon, is iets wat ons lank sal bybly. Ons sien dat die wolke effe saampak – Is dit dalk 'n koue front wat op pad is?




Teen middagete bereik ons die Hardap-streek in die distrik Maltahöhe met woestynsand aan die voete van berge, verspreide bome voor berge in verte en grasvlaktes voor ons. Die uitsigte is oorweldigend. Later bereik ons Spes Bona, die aansluiting by die C27 met beeskrale, huis en werf met bome maar sonder gras, en windpompe om ons. Dit voel of ons deur 'n plaaswerf ry. Die C27 gaan deur 'n plaashek wat ek nogal besonders vind. 'n Suid Afrikaans geregistreerde voeruig misgis hom byna met die hek en dit kon 'n lelike ding afgegee het.

Later by Betta vind ons die aansluiting by D826 na regs wat ons na die **Duwisib**-kasteel toe neem. 'n Misverstand met datums word gou opgelos deur die eienaar wat 'n plan maak en akkommodasie word vir die hele groep gekry. Dit is ook waar ons by die grootste gedeelte van die 'Namib toer" groep aansluit. Die laat middag word spandeer om op die plaas rond te stap en die ooptes en skoon lug te geniet.

Ons rig onsself in by 'n klein maar netjiese selfsorgeenheid en braai worsie in die pan vir aandete.  Die Roodts en Cronjés sluit later by ons aan en ons kuier om 'n vuur by gemeenskapsaal tot slaaptyd.

**Woensdag 4.07.2012**

Na 'n goeie nagrus, ontbytpap en koffie vir ontbyt en 'n lekker stort moet ons weer eens die pajero pak. Die tyd daarna verwyl ons tyd by die boerbokkraal met pragtige wit en bruin boerbokke. Ons het nooit besef dat die bokke so fotogenies is nie. Die  Bothas sluit ook by ons aan en die groep is nou amper volledig.




Ons besoek die **Duwisib** Kasteel (N$50 pp): die oorspronklike eienaar was Baron Hansheinrich von Wolf (1873-1916) en sy eggenote, die Amerikaanse miljoenêres, Humphries (1881-1946) met argitek, Willi Sander. Die familie het na Duitsland vertrek as gevolg van die  oorlog tussen Engeland en Duitsland in 1914 - 1918. Die baron sterf in die Slag van Somme in Frankryk en egpaar het toe slegs vyf jaar

daar gewoon en het nooit weer na die oorlog teruggekeer nie. Die Nambiese regering het kasteel in 1970's gekoop en dit is tans 'n museum.

Ons vertrek laatoggend met C19 en geniet omringende berge. Ons ry 'n stukkie van die D827 met bergpas tot op 'n uitkykpunt en draai dan om verder met die C19 na Sesriem te ry.

Laatmiddag bereik ons Sesriem en slaan tent op by **Sesriem**kamp no. 19. Ons ry uit vir sowat 40 km op Sossusvlei-pad tot net voor Duin 45. Isabel stap gedeelte van 'n duinrand uit en wag vir sonsondergang terwyl Roelof fotos neem. Daar word wors gebraai en braaibroodjies gemaak vir aandete.






**Donderdag 5.07.2012**

Ons staan baie vroeg op en meld om 5h45 by Sesriemhek aan oppad na Sossusvlei betyds vir die hekke wat om 06h00 oopmaak. Ons durf die sowat 60 km teerpad aan. Die laaste 5 km is dik sand tot by Sossusvlei wat 'n ligte voorsmaak gee van wat op ons nog later wag in die Namib. Ons stap die laaste entjie na die vlei met die kleipan (wat water in het) omring deur ysterryke oranjerooi duine. Ons stap oor die lae duine wat deels bedek is met gras, bosse en 'n paar bome en neem talle foto's. Dit is so 'n fotogeniese plek en van 'n enkele posisie kan vele baie mooi fotos geneem word. Ons besef ook dat fotos kan nie die grootsheid weergee nie. Sewes en Fransie klim die hoogste duin uit. Ons geniet ontbyt onder 'n koelteboom.

Later die oggend durf ons die uitdagende 1.1 km oor duine aan na Dooievlei. Die stap is die moeite werd!! Ons word beloon met die belewenis en pragtige fotos. Die droë bome op die wit sand omring deur oranjekleurige duine sal lank by ons bybly.






Net na middagete is ons terug by Sesriem en moet ons kamp oppak. Na 'n verfrissende stort in skoon badkamer gaan eet ons roomys vir lafenis by Sesriem restaurant.

Ons het net 80km tot by Solitaire voor ons en vertrek laatmiddag nadat die Pajero met diesel volgemaak is. Ons kan nie kontant by die ATM trek nie met die Visa kaarte nie. Tien minute later is ons weer op die C19 oppad na Solitaire.

Net na 15h00 is ons by Solitaire wat basies uit 'n poskantoor, algemene handelaar (dié met ou toonbank en voorraad op rakke agter) en petrolstasie bestaan. Daar verneem ons die onstellende nuus van twee Prado's op die URI-toergroep net voor ons wat in die woestyn uitgebrand het. Dit vat nogal motivering om Isabel te oorreed om steeds voort te gaan met die Namib deel van die toer. Elfreda & Frans sluit by ons aan en deel die helfte van hul appeltert. Ons groep is nou volledig. Die brandstoftenks word weer aangevul en met die ekstra 60l diesel in kanne, is ons nou gereed.


Net voor 17h00 is ons by **Solitaire Guest Farm,** 'n aantal km buite Solitaire, waar ons ons toergids, Danie van Ellewee (Jakkals) en sy spanlede, Schalk & Patrick (Tokkelos) van ***URI Adventures*** ontmoet. Ons slaan kamp op met nuwe netjiese ablusie en stort sonder plafonne (want dit reën mos nie daar nie) en kuier van 19h00 by kuierkroeg en toe heerlike buffetete met twee soorte wildsvleisgeregte, koedoe en eland.

Ons gaan slaap met die wete dat môre die groot dag is wanneer ons die Namib gaan aandurf.

**Vrydag 6.07.2012: *Faces of the Namib* Dag 1**

Ons vertrek 8h45 na heerlike ontbyt en nadat die tweerigtingradio in ons voertuig geïnstalleer is. Ons is toegerus met kamptoerusting, genoeg water, brandstof (hoop ons), hout en yskas met versnaperinge. Vir die volgende vyf dae gaan die **Namib** (Namataal betekenis: groot plek van leegte), die oudste woestyn in die wêreld met ook van die hoogste duine (2000 km lank, 80-200 km breed) ons safari-tuiste wees – 'n unieke avontuur van oos na wes oor ongeveer 550 km.

Die ses manne gaan die uitdaging aanpak om 'n unieke 4x4-roete te voltooi – ons in 'n diesel Pajero. Die onbekende wag en ons harte bons van opwinding en effe vrees vir onbekende. Gelukkig voorsien die Uri-span drie etes per dag, asook die geriewe.




Ons ry eers sowat 35 km in 'n noordelike rigting oppad na Walvisbaai en draai dan in by die **Namib-Naukluftpark** op 'n tweespoorpad met 'n hoë grasmiddelman (min of meer dieselfde transportroete wat laat in die 1800's gevolg is). Elke bestuurder is gewapen met graskrappers en daar is afgespreek om elke nou en dan te stop om gras onder voertuie uit te krap. Ons sien 'n aantal troppe springbokke, meerkatgate, sprokiesbome, 'n bruin hiëna ('n buitegewone gesig), gemsbokke, feësirkels en swerms versamelvoëls.







Ons stop om 11h00 sodat die manne die wiele na 0.8 bar kan afblaas en vir die eerste woestyn oriënteringgesprek: vyf reëls van BLY IN DIE SPORE, asook van niks laat of uitvat uit woestyn nie. Die landskap verander mettertyd in 'n kleurryke skouspel van rooi sandduine met grasbedekte vlaktes tussenin. Eerste duin verloop glad vir ons, maar die Bothas val vas. Die tweede duin moes Roelof 2x aanpak vir 'n geslaagde kruising. Ons moet leer hoe om in die duine te bestuur. Dan breek die eerste 'slip face' aan en dan weer 'n opdraand ('wax hom' of 'gooi hom') met 'n skerp links draai wat ons suksesvol aandurf.

Ons stop 13h00 vir die eerste middagete op 'n duin – Jakkals en Schalk trek voertuie oorkant mekaar, span afdakseiltjie, dek tafel en die eerste van heerlike middagetes word geniet. Broodjies, smere, koue vleise en slaai word voorgesit.

Na ete vertrek ons en net oor die duin is die twee verbrande Prado's in die afgebrande woestynvlakte, wat 'n skokkende gesig is. Ons besef dat ons moet wakker wees.

Die duinkruisings met groot oorkruisgate is 'n nuwe uitdaging en dan ook skerperige klippe wat ons versigting moet benader. Ons sien Hartmann bergkwaggas in oop grasvlakte.

Ons bereik 16h45 die **Kuiseb canyon** met ongelooflike unieke natuurtonele – die suidoewer bestaan uit massiewe rooi sandduine en die noordoewer uit pikswart rotsformasies, terwyl die rivierbedding met massiewe groen bome begroei is. Die rivier keer die beweging van die duine. Weens die stand van die rivier se watervlak kon ons nie afsak na die rivier toe nie.

Ons slaan 17h30 tent op 'n reuse duin, met die kombuis en geriewe sowat 50m om 'n draai van ons af. Dit is 'n winderige koue aand en manne is uitgeput. Die dag word afgesluit met 'n aandete van sosaties, hoederdye, patats, mielies en slaai. Ons kruip vroeg in!

## Saterdag 7.07.2012: *Faces of the Namib* Dag 2

Na 'n heerlike nagrus, al het matras 'n bietjie lug verloor, word ons om 6h00 wakker. Dit is mistig buite en ontbyt word om 7h00 voorgesit ("Comming Eating" is die wekroep). Die ontbyt bestaan uit heerlike koffie, muffins en joghurt. Ons slaan kamp in geelperskereën af – wat 'n lollery met al die nat toerusting.

Ons vertrek om 9h00 in die reën en 'n sagte reënboog verskyn. Sewes open die dag met gebed. Die reën maak die sand meer ferm en dit help baie. Ons ry deur duinvlaktes en hier en daar oor klein duine met baie holtes. Die Kuisebcanyon is aan ons regterkant. Jakkals vertel vir ons van die Topnaars wat hier naby woon, maar sien geen lewe. Die kwik styg later tot 20°C vanaf 9°C van die oggend. Sien enkele haastige volstruis en later 'n enkele gemsbok.




Jakkals lig ons in oor die verskeidenheid soorte duine o.a. die sekelvormiges deur winde so gevorm, lineêre duine (150 m en hoër) deur 'duinstrate' geskei, asook verskillende sandelemente. Soos ons ry verander duine van kleur. Ons word omring deur duine (op en af) en sien net die voertuie se spore en wonder waar sal roete ons neem. Teen 11h40 het Isabel 'n kriewelhoes en Stuart het 'n hoë koors, maar gelukkig voel almal later beter. 'n Duine verkleurmannetjie verskaf baie pret by een van die stoppunte.

Die wind pomp en sand waai vinnig spore toe en ons moet fynkyk. Na middagete ry ons deur die grys sandvlaktes, 'n baie sensitiewe area met fyn bossies en klippe wat lyk of dit 'gesandblast' is. Kort daarna volg gelerige duine en dan weer grysvlakte met enkele gemsbok. Op 'n stadium ry ons vir die eerste keer dwars bo-op 'n duin en kry 'n radio-boodskap 'ons gaan nou duine klim – gordel vas en gebruik lae ratverhouding'. Skuins op teen 'n hoë helling haak ons bo vas – Roelof kry opdrag om terug te ry in tru rat en die tweede poging is geslaagd, maar toe ons bo kom, is daar skielik niks voor ons nie en net 'n skuins helling na onder – 'n kopseer skiet sommer by my in! Ons ry kruipspoed by die duin af en dit is eintlik nie so moeilik soos die opdraande nie. Ons wag onder vir die res en Marius haak toe ook bo vas maar maak dit ook later.

Ons bereik 16h45 ons slaapduin vir die nag – een met verre uitsig, maar wind waai en ons het 'n stryd om die tent op te slaan en die sand uit te hou. Die geriewe-tent waai ook gevaarlik. Ons eet aandete (lamspotjie, rys en slaaie) langs vuur in die ysige koue wind. Ons is verplig om te was in tent en kruip maar vroeg in om koue te ontsnap.

**Sondag 8.07.2012: *Faces of the Namib* Dag 3**
**Tot by Olifantsbad (100 km)**

Ons word wakker net om te vind dat die tent is omring met sandhopies en die grondseil is gedeeltelik toegewaai. Lê bietjie later, maar geniet oggendkoffie en ontbyt weer om 07h00.

Na talle duinkruisings op en af stop ons 10h00 in 'n 'straat' om bene te rek. Vandag ry ons net voor agterryer en dit is 'n ander ervaring om ander voertuie voor ons te sien kronkel tussen duine en die spoor te volg. Teen 'n baie skuins en relatiewe lang opdraande kan ons nie uitkom nie en sit Frans en Roelof vas. Die duin is so uitgery dat ons nie kon deur en ons haak toe bo-op duin vas by 'n alternatiewe roete toe ons nie lank genoeg versnel nie! Jakkals moet ons kom uittrek!




Die rit verder het minder hoë duine omrede ons meer in die duine strate hou en kom 10h40 by versteende woestyn wat ontstaan het toe nuwe duine (woestyn) bo-op gevorm het en met druk en sonder stuurstof versteen het en nou op plekke oopwaai. Daar is selfs versteende plante. ‘n Groepfoto word geneem.

Na ‘n aantal uitdagende ops en afs stop ons 12h40 vir middagete (‘buns’, koue vleise, frikkadelletjies, kaas en slaai) onder wolklose blou lug met nog versteende sand onder in die duine vallei. Die temperatuur is nou 31°C.

Na ete stamp Roelof die Pajero se buffer met die afkom nadat ons ‘n klein slipface gemis het. Die adrenalien pomp nou. Ons is op ‘n stadium so omring met duine en dit voel asof ons nooit ‘n pad uit gaan kry nie. Sien seemeeue en besef ons kan nie te ver van die see af wees nie. Na nog ‘n aantal draaie neem Jakkals ons na dié ‘slip face’ wat op Uri se bemarkingspamflet verskyn – dit was vir ons ‘n wow-ervaring!! Die slip face is so 50m hoog.




Ons bereik **Olifantsbad** om 16h30 (die naam verwys na voertuie wat sandbaddens gekry het), ons oornagplek vir die volgende twee nagte. Daar is permanente houthuisies met sit-puttoilette en emmer-spuitstelsel vir stortgeriewe. Ons stort, met water wat in kan by die vuur opgewarm is, voor donker en gebruik slegs ongeveer 10 liter water saam (ons skenk weer 10 l vir verhitting). Die groep kuier om vuur met ‘gluhwein’ (Roodts het dit saamgery), gesels oor dag se ervaringe en geniet aandete van pasta, bief stroganoff en slaaie. Mooiste aand tot dusver met koepel sterrehemel en Roelof hoor die see en ruik al die seelug. ‘n “Gerbil” skarrel tussen ons voete om die kampvuur en verskaf aan ons groot plesier.

**Maandag 9.07.2012: *Faces of the Namib* Dag 4**

Die oggend word ons gewek deur die getjank van jakkalse sommer baie naby aan ons. Hul het in nag kom snuffel en o.a. een van Schalk se sandale gegaps. Die ontbyt van heerlike mieliepap en koffie laat dag goed begin. Die opkomende son kleur groot duin agter ons tente in.




Ons vertrek 9h00 (met kar afgepak en heelwat ligter) na oriëntering en Roelof die dag met gebed geopen het. Ons soek pad deur die duine en dan sien ons die see, maar dan verdwyn die see weer. Jakkals laat manne vir die eerste keer ‘n pretduin ry, want die bestuurders ken nou die vermoë van hul voertuie en die duine. Roelof wil nie graag die Pajero onnodig ooreis nie en hy ry saam met Marius in sy Prado. Na baie oorreding gee Isabel toe en ry saam met Johannes die ‘roller coaster’. Dit is nogal lekker en baie foto’s word geneem.

Ons bereik **Conception Bay** om 10h00 – dit was ‘n natuurlike hawe in die tyd van die diamantdelwerye, maar dit het reeds in Dias se tyd die naam gekry. Ons sien ‘n skelet van ‘n gemsbok, dolorietriwwe, wit hopies van kwarts. Verder sien ons ‘n vergane spoorlyn, kommunikasiekabels en waterpype wat plek-plek oopgewaai is, klippe regop in sand wat as rigtingwysers gebruik is, asook klipbanke waar diamante gevind is. Ons besoek ‘n herstelde geboutjie wat as poskantoor gedien het (nou ‘n Nasionale Gedenkwaardigheid) en sien stukkies hout in sand. ‘n Mens is verwonderd oor watter lyding hier en elders in die woestyn afgespeel het.

Die rit neem ons verder tot by die diamant-spookdorpie ‘Holtsazia’ waar Duitsers alles net so gelos het, toe die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek het met die idee dat hulle sou terugkeer. Dit het nooit gebeur nie. Ons vind rye siwwe, houtrame, vergane geboue en toerusting en neem talle foto’s.






Na middagete (wat bestaan uit tunapasta) ry ons vanaf die spookdorpie verder en besoek 'Eduard Bohlen', 'n goedereskip onder aanvoering van kaptein Parow wat in 1909 gestrand het. Dit is blykbaar dieselfde persoon na wie Parow in die kaap vernoem is. Die wrak is nou 400m weg van die see. Ons is verwonderd oor wat die see en soutlug aan die skip gedoen het. Ons ry verder strandlangs en sien die 50 m hoë duine wat tot by die hoogwatermerk strek. 'n Brander vang ons en spat Pajero vol groengeel skuim wat ons met die eerste stop afvryf.


Jakkals stop sodat die wat hul voete wil natmaak in die see 'n geleentheid kry en dan weer oor duine terug na Olifantsbad.

Ons geniet heerlike gesellige aandete: ongelooflike lekker en sagte steaks, aartappelskyfies, gemengde groente, knoffelbroodjie en koffie. Die pajero word weer gepak behalwe vir die tent, beddegoed en kleresakke wat moer=oggend ge[ak sal word. Die dag word afgesluit met kuier om vuur tot laat want dit is 'n lieflike windstil aand en dit is ook die laaste aand in die woestyn.

**Dinsdag 10.07.2012: *Faces of the Namib* Dag 5**

Dit is die laaste dag van ons avontuur in die Namib. Ons slaan kamp op met 'n bietjie heimwee. Die dag is pragtig met 'n oop blou hemel en son begin al vroeg bak teen 25°C. Ons vertrek vanoggend bietjie later as gewoonlik om met laagwater **Langewand** aan te durf. Frans open dag met gebed en ons vertrek 9h30.




Net na 'n baie kort rit stop Jakkals by nog 'n pretduin, van die hoogste en diepste nog, maar geen belangstelling van manne met gevolg dat Jakkals passasiers laat af- en opry. Ons kan sien hoekom Jakkels so baie van die Namib hou. Dit is sy passie.

Ons ry verder op met die strand en stop by die VSA skip 'Shawnee' wat in 1976 gestrand het, maar geen eis is uitbetaal weens bevinding van moedswillige beskadiging. Neem groepfoto's by skip. Ons sien baie robbe en jakkalse (die viervoetiges). By Langewand is see effe hoog en 'n rots versper die roete. Sand word gebruik om die gate in te vul en al die voertuie kon veilig oor die rotse.



Daana is dit die Langewand. Dit is 'n senutergende ervaring met die branders wat aan bande lek en baie sagte sand en geen uitkomkans nie. Die strand waarop ons kon ry was niks meer as 10m breed nie met die branders wat nou en dan dreig om oor die area te spoel. Seewater en voertuie is nie maatjies nie. Gelukkig is almal veilig deur.







Daarna keer ons terug na die duine en ry plat duine teen meer as 60 km per uur en Isabel raak senuagtig. Ons kom by 'n plek waar ons skuins 'slip way' kry met 'n woeste afdraand. Frans steek voor ons vas en Jakkals lei ons na 'n nuwe spoor regs en toe links en toe met sukses na bo, dan met brullende glipwande af en dan die pragtige uitsig oor Sandwichbaai met die blouste blou water. Die lagune is nou toegespoel. Die res van geselskap ry duine met glyplanke terwyl middagete voorberei word. Isabel ry na ete tot ongeveer 15h00 saam met Jakkals, die spoorsnyer. Ry weer langs see tot 15h45 met effens noue ontkoming in sagte sand – ons moes spoed hou al kom die branders.

Laatmiddag verruil ons die Namib-Naukluftpark vir Dorrobpark en sien ook later soutpanne en asook flaminke.

Die harder pad noodsaak ons om wiele harder te pomp na 500km op 0.8bar. Ons doen dit te midde van 'n ysige seewind. Ons is dankbaar om veilig in **Walvisbaai** aan te kom en gaan ons tuis by die **Lagoon Chalets.** Die laaste groet oor radio en dankie-sês word uitgesaai voordat die radios weer uitgehaal word en dit is simbolies dat die Namib-ervaring verby is.

Die aand is dit nodig om 'n bietjie wasgoed te was en ons neem self ook 'n verfrissende stort om sand uit ons ore te kry.Die laaste kuier van die Namib toer as afsluiting van die lewensveranderende ervaring word by **Ocean restaurant** langs die lagune gedoen. Ons ontmoet die eienaar van URI Adventures, Jacques. Dit is baie hartseer om afskeid te neem van nuwe vriende wat gemaak is en ou vriendskappe wat versterk is.

**Woensdag 11.07.2012**

Ons is vroeg al wakker, maar lekker om rustig te ontspan met wete dat ons nie weer hoef tent op te slaan nie en kamp oppak nie. Die NAM Simkaart wat in Karasburg gekoop is word in die selfoon gesit, en nadat die selfoon gelaai is word SMS'e aan familie en vriende gestuur met goeie nuus van veilige woestynreis.

Later die oggend word die seewater van Pajero afgewas, en Isabel koop vir Roelof 'n klein prys ('n klein noodflitslig wat in kar herlaai kan word) vir die suksesvolle voltooiing van die woestyn 4x4-ervaring. 'n besoek aan BOSCH Diesel Electrics is nodig om 'n stukkende agterlig gloeilamp te vervang. Ons vind uiteindelik 'n FNB ATM waar ons kontant via kredietkaart kan trek. Die pajero word met diesel volgemaak en Roelof bereken brandstofverbruik tydens woestynrit op 5.17 km per liter.

Met groot opwinding in Isabel se hart ry ons uiteindelik die 30 km na Swakopmund met mis wat toetrek en duine aan regterkant met see aan linkerkant. Sy sien nou al meer as 30 jaar uit om die dorpie weer te sien. Ons luister lekker na Radio Kompos wat in Afrikaans uitsaai. Ons kom op middagete aan in Swakopmund en geniet middagete by Driftwood Restaurant (aanbeveling in *WEG*) en gesels met mede-eienaar, Me Hofmeister.

Ons stop by "jetty" en neem foto's van 'n misgehulde Swakopmund. Ons ry na ligtoring en Isabel loer vlugtig in die museum.

Na die inboek by die **Dunedin Star Gastehuis** Kamer 9 (B&B) besoek ons die Woermannhuis se Damar-toring (92 trappies) met uitsig oor dorp en omgewing. Ons besoek NAMIB info, koop poskaarte en kry 'n kaart van dorp en meer inligting. Koffie word geniet by Pandora's Box en ons koop aandenkingsteelepels.

Later stap ons weer uit op jetty en nou baai die dorp en branders in sonlig en die sonsondergang maak die branders silwerkleurig. Ons sien weer vir Bothas & Marius-gesinne – besluit om by restaurant aan einde van jetty te gaan eet. Die Roodts en Johannes-gesin het met vliegtuig oor woestyn gaan vlieg. Ons het 'n baie gesellige aand en bonus-kuier tot 22h00.












**Donderdag 12.07.2012**

Dit is weer 'n mistige oggend. Ons benut die heerlike warm stort en geniet ontbyt in gemeenskaplike eetkamer. Ons ry in die dorp rond en net Iisabel  klim af om foto's van historiese geboue te neem. 'n Besoek word afgelê in die besondere

**Kristall Galerie** en Roelof neem die grootste kristal'cluster' (14 100 kg 3 m wyd, 3,5 m hoog; gevind in bodem van grot te plaas Otjua, dist. Karibib in Aug 1985; en neem vyf jaar om uit te haal). Kristalle word oor baie eeue gevorm. Isabel se verjaardagsteen 'Aquamarine' is van die duurste.

Ons vertrek ongeveer 10h00 uit mistige Swakopmund, waar Duitsers 'n hawe in 1892 gekies het, aangesien Walvisbaai toe onder Britse beheer was. Die naam is 'n verbastering van 'n Nama-woord 'Tsoakhaub' en kan vertaal word na 'agterent' (sic!). Die Swakoprivier stink wanneer dit afkom met water vol modder, plante en dooie diere. Ons ry met die B1-roete en temperatuur is aanvanklik 10°C en sowat 50 km buite die vakansiedorp met Duitse atmosfeer het dit tot 23°C gestyg.
Ons ry deur Usakos, omring deur pragtige berge en grasvelde, met 'n mooi NG Kerkie op 'n bult en later deur Karibib. Ry later met B2-roete en teerpad strek net reguit vorentoe. Ons sien enkele vlakvarke langs pad (soos in *WEG* gewaarsku). Ons ry net deur Okahandja want daar is geen tyd vir 'n stop nie.

Ons neem die C28-afrit by Windhoek en stop vinnig by die Christuskirche op bult met moderne Tintinplatz daarnaas, langs die Parlementstuine, voor middagete by die enigste toeganklike kasteel, nou die Hotel Heinitzburg, met lieflike uitsig oor stad omhul deur koppies. Ry met Sam Nujomaweg uit na B6 oppad na **Gobabis** vir oornag. Opmerklik is die wit horlosies met swart wysers op pale en die polisie-stoppunte weerskante van Windhoek. Die eerste gastehuis waar ons navraag doen is ongelukkig vol bespreek en gelukkig kry Annaliese vir ons plek by **Onze Rust Gastehuis** te Rugbystraat met eienaardige meubels en blou badkamerteels, maar 'n rusplek vir nag.

### Vrydag 13.07.2012

Vertrek 7h55 uit Gobabis en arriveer 8h45 by grenspos 'Buitepos' na Botswana en keer nou weer terug na die RSA tydsone. Isabel help met bestuur vir laaste uur of wat voor Kang en ons boek vroegmiddag in by Kamer 14B van die **Ultra Stop Lodge**, 'n netjiese oornag en-suite kamer met restaurant langsaan. Geniet aandete in restaurant – heerlike hamburgers en ons kruip vroeg in vir laaste lang skof huistoe!

### Saterdag 14.07.2012

Ons vertrek net voor 7h00 en koop nog voor vertrek 'n sjarong by die Curiowinkel. Hulle is baie vroeg oop. Die kwik val tot 0°C en ons bibber van koue toe ons 10h00 stop vir koffie/beenrek. Die koue in die Kalahari is 'n gevolg van sneeuval in die Kaap.

Die grenspos naby Lobatse word om 11h20 bereik en na baie effektiewe prosesse stop ons in Zeerust en geniet middagete by die Tee/Coffee Galery. Padwerke op die N4 noodsaak 'n ompad maar is dankbaar om 16h45 veilig tuis te wees.

Na die groot afpak en opruim die middag kan ons heerlike slaap in ons eie bed.

### Opsomming

Die lewensverrykende ervaring sal ons aan enige geduldige bestuurder met respek vir die grootheid van die sandroete met 'n geskikte 4x4 voertuig aanbeveel. Isabel reken egter dit is 'n eenmaal-in-die-lewe avontuur. Die sand bly vir lank in jou sokkies, skoene en gedagtes – wat 'n voorreg!!